

ST. AGNES VAN ROME

21 JANUARIE

(sterf 304)

Volgens die heilige Ambrosius was Agnes maar twaalf jaar oud toe sy haar lewe vir haar geloof opgeoffer het. Hierdie jong Christen meisie het die marteldood in Rome onder die vervolgings van keiser Diocletianus gesterf. Haar onwrikbare geloof en dapper dood het 'n baie groot invloed op die Christene van Rome gehad. Keiser Konstantyn het 'n basiliek oor haar graf laat oprig. Dit is 'n baie ou gebruik in Rome dat twee lammertjies op haar fees geseën word en hul wol later gebruik word vir die maak van die pallia wat die pous tradisioneel aan alle aartsbiskoppe stuur.

